**Want so lief het God die wêreld gehad (OP210)**

**Joh 3:16-21**

**2 Maart 2025**

Laasweek het ons die gesprek tussen die Here Jesus en Nikodemus oordink. Nikodemus was ‘n Fariseër wat gefassineer was deur die tekens wat Jesus gedoen het. Die Here Jesus het egter aan Nikodemus laat blyk dat hy nie deel is van God se koninkryk nie, want om deel te kan hê aan God se koninkryk is dit noodsaaklik dat so iemand van bo gebore moet wees, oftewel weergebore moet wees, oftewel uit water en Gees gebore wees. Ons het gesien dat om uit water en Gees gebore te wees, verwys terug na wat ons in Eseg 36 lees: Om uit water gebore te wees, beteken dat so iemand met water besprinkel moet word om hom te reinig van al sy onreinhede, d.w.s. so iemand moet skoon gewas word in die bloed van die Here Jesus, dit beteken so iemand moet in die Here Jesus geregverdig wees. Om uit die Gees gebore te wees, beteken dat die Heilige Gees aan so ‘n persoon ‘n hart van vlees moet gee, waarin die Heilige Gees woon, en wat dan sorg dat die persoon volgens die voorskrifte van die Here leef, dit beteken so ‘n persoon moet heilig gemaak word deur die Heilige Gees se werk in hom. Opsommend: Om te deel te wees van God se koninkryk, moet iemand wedergebore wees, hy moet geregverdig wees, en hy moet besig wees om heiligmaking te ondergaan. Dit verg dus die werk van beide die Here Jesus asook die Heilige Gees om iemand deel te maak van God se koninkryk.

Vandag wil ek aandag gee aan Joh 3:16-21. Daar word dikwels aanvaar dat hierdie gedeelte ‘n voortsetting is van die gesprek tussen die Here Jesus en Nikodemus. Meeste kommentatore is egter van mening dat daardie gesprek eindig aan die einde van vers 15, en dat verse 16-21 eerder ‘n oordenking is wat Johannes onder leiding van die Heilige Gees beskryf na aanleiding van die gesprek met Nikodemus. In die 2020 DAV word dit so vertaal, siende dat die aanhalingstekens van die Here Jesus se gesprek aan die einde van vers 15 gesluit word.

Om die beskrywing deur Johannes in verse 16-21 te verstaan, moet ons dit egter nie heeltemal losmaak van die gesprek met Nikodemus nie. Ons moet in gedagte hou dat die gesprek afgesluit het met die stelling dat die Seun van die Mens, dit is die Here Jesus, verhoog moes word aan die kruis, soos die koperslang in die Ou Testament, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe sal hê. Verder moet ons ook steeds in gedagte hou wat Johannes se doel is met die evangelie wat hy skryf: Hy wil ons as lesers oortuig dat die Here Jesus die Messias is, dat Hy die Seun van God is, en dat die wat in Hom glo, sal lewe. Die feit dat Hy die Seun van die Mens genoem word in vers 14, is juis ‘n beskrywing daarvan dat Hy die Seun van God is. Die feit dat Hy aan die kruis gesterf het, is juis ‘n beskrywing van Sy rol as die Messias. Wat Johannes nou aan aandag wil gee, is hoe die waarheid dat Hy aan die kruis verhoog is, aanleiding gee daartoe dat geloof in Hom lei tot die ewige lewe soos wat vers 14 gesê het. En in hierdie verse gee Johannes veral aandag aan Sy menswording – wat natuurlik noodsaaklik was sodat Hy as mens aan die kruis kon sterf. Ek wil hierdie paar verse onder die volgende punte bespreek: (1) Wat het God gedring om Sy Seun mens te laat word? (v16), (2) Wat is God se doel met Sy Seun se menswording? (v16-18), en (3) Hoekom is God se onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges regverdig? (v19-21).

<u>Wat het God gedring om Sy Seun mens te laat word? (Joh 3:16)</u>

Lees Joh 3:16. Ons lees dat God Sy unieke Seun gegee het. Wat beteken hierdie “gegee het”? In vers 17 lees ons dat God Sy Seun na die wêreld gestuur het, m.a.w. dat Hy na hierdie wêreld waarin ons lewe gekom het. Ons onthou wat Johannes alreeds oor die Seun gesê het: In Joh 1:1 het ons geleer in die begin was die Seun al – Hy het toe al bestaan. Toe was Hy al God. Hy was ook toe by God.

Maar nou het God Hom na die wêreld gestuur. Ons het ook al in Joh 1:14 gelees dat die Seun vlees geword het. Ons moet dus aflei dat die Seun wat ewig God is en wat by die Vader was, het nou, in hierdie tyd, na die wêreld gekom, en Hy het vlees geword – d.w.s. Hy het mens geword. As ons lees dat God Sy Seun gegee het en Hom na die wêreld gestuur het, moet ons verstaan dit beskryf die menswording van die Here Jesus. Natuurlik is die Here Jesus die unieke Seun van God – immers is Hy die Een en Enige Seun van God – daar is nie nog Een soos Hy nie. Dit is die menswording van hierdie unieke Seun van God wat sou uitloop op Sy verhoging aan die kruis, soortgelyk as wat destyds die geval was met die koperslang in die woestyn.

Die vraag is nou: Wat het God gedring tot hierdie punt om Sy unieke Seun, wat vir ewig al God is en vir ewig al by God is, om Hom te gee, om Hom na hierdie wêreld te stuur? En die antwoord in vers 16 is: Want dit is hoe lief God die wêreld gehad het – dit was God se liefde wat Hom gedring het om dit te doen.

Liefde is 'n groot tema in Johannes se evangelie, en ook in sy briewe. Kyk na die volgende:

- Joh 3:35 "Die Vader het die Seun lief..." – dus daar is liefde van die Vader teenoor die Seun
- Joh 14:31 "Maar sodat die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet..." – dus daar is liefde van die Seun teenoor die Vader
- Joh 13:1b "Daarom, omdat Hy Sy eie mense in die wêreld liefgehad het, het Hy hulle lief gehad tot aan die einde" – dus is daar liefde van die Seun teenoor Sy eie mense/dissipels
- Joh 14:21a "Wie My gebooie het en dit onderhou, hy is die een wat My liefhet" – dus verwag die Here Jesus liefde teenoor Hom van Sy dissipels
- Joh 13:34a "Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê" – dus die Here Jesus verwag liefde van Sy dissipels onderling teenoor mekaar
- Joh 14:23b "As iemand My liefhet, sal hy ter harte neem wat Ek sê, en My Vader sal hom liefhê..." – dus is daar liefde van die Vader teenoor die dissipels

Daar is liefde van die Vader teenoor die Seun, van die Seun teenoor die Vader, van die Seun teenoor Sy dissipels, daar moet liefde wees van die dissipels teenoor die Seun, daar moet liefde wees tussen die dissipels onderling, en daar is liefde van die Vader teenoor die dissipels. Johannes som dit in 1 Joh 4:16 op met die woorde: "God is liefde"!

Maar let nou op wat Joh 3:16 sê: God het die <u>wêreld</u> lief. Wat bedoel Johannes met die term "wêreld"? Ons het al by vorige geleenthede hieroor besin: Ons het gesien dat Johannes bedoel met "wêreld" die sondegevalle mensdom wat in opstand is teen die Here God hulle Skepper – kyk byvoorbeeld maar na Joh 1:10 "... en tog het die wêreld Hom nie erken nie". In 'n sekere sin is ons nie verbaas om te leer van die liefde van God onderling tussen die verskillende Persone in die Godheid nie, ons kan nog verstaan dat daar liefde is tussen die Seun en die dissipels, of tussen die Vader en die dissipels, selfs dat daar liefde moet wees van die dissipels teenoor God. Maar dat God lief is vir die wêreld, vir die sondegevalle mensdom wat in opstand teen Hom rebelleer – dit is verstommend. Wat nog meer verstommend is, is dat Hy nie net lief is vir hulle nie – Hy is só lief vir die wêreld dat Hy Sy unieke Seun gegee het! – Dit is absoluut verstommend! Hierdie liefde van God vir die wêreld is nie maar net 'n gevoel nie, dit is 'n gevoel wat oorgaan in 'n daad. En die daad is 'n daad van selfopoffering – Hy stuur Sy Seun, Sy unieke Seun, wat self God is, om as 'n mens na hierdie sondegevalle wêreld te kom. En hier moet Sy unieke Seun sterf – vir sondaars. Dit is liefde!

Wat ook verstommend is, is om wat ons hier lees te vergelyk met wat Johannes in 1 Joh 4:15 skryf: "Moenie die wêreld, of wat in die wêreld is, liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die liefde van die Vader nie in hom nie". Hoor jy dit? Die kinders van God moet nie die wêreld liefhê nie, want dan

is die liefde van die Vader nie in so iemand nie. En tog het die Vader die wêreld so lief dat Hy Sy unieke Seun gegee het! Is hier nie ‘n teenstrydigheid nie: Is die feit dat ons lees as die kinders van God die wêreld sou lief hê, is dit ‘n teken dat die Vader se liefde nie in hulle is nie, nie teenstrydig met God wat die wêreld wel liefhet nie? Natuurlik is daar ‘n reuse verskil tussen die liefde wat ons as mense vir die wêreld het, en die liefde wat die Vader vir die wêreld het. Ons liefde vir die wêreld is ‘n selfsugtige liefde wat smag om deel te kan hê aan die boosheid wat in die wêreld is. Daarteenoor is die liefde van die Vader iets heeltemal anders – dit is ‘n opofferende, onselfsugtige liefde met ‘n besondere doel. En dit bring ons dan by ons tweede punt: Wat is die doel van God met hierdie liefdesdaad om Sy unieke Seun mens te laat word?

<u>Wat is God se doel met Sy Seun se menswording? (Joh 3:16-18)</u>

Lees Joh 3:16-17. In hierdie verse lees ons van vier aspekte rakende die doel van die Here Jesus se menswording: Drie aspekte beskryf vir ons wat wel die doel met Sy menswording is, en een aspek beskryf vir ons wat nie die doel is nie:

- Sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie (v16b)
- Sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe sal hê (v16b)
- Sodat die wêreld deur Hom verlos kan word (v17b)
- Nie om deur Sy menswording die wêreld te veroordeel nie (v17a)

Dit is belangrik dat ons onthou wat die situasie in die wêreld is sedert Gen 3: Die hele wêreld, die ganse mensdom, is dood in sonde, ons is reeds almal verlore, nie een van ons kan die ewige lewe hê nie, ons almal verdien God se oordeel. Die doel met die menswording van die Here Jesus, en met Sy gepaardgaande sterwe aan die kruis en opstanding, is: Sodat ‘n oplossing geskep kan word wat tot gevolg kan hê dat nie almal verlore gaan nie (v16b), dat daar die geleentheid is om wel die ewige lewe te kan hê (v16b), dat daar die realiteit is om verlos te kan word (v17b). Aan die ander kant: Die doel van God met die menswording van Sy Seun is nie om die wêreld te veroordeel nie (v17a). Hoekom nie? Want die wêreld is reeds veroordeel – sedert Gen 3 al, die wêreld, die ganse mensdom is reeds dood in hulle sonde. Hulle is reeds veroordeel, hulle is reeds uit die paradys gedryf, dit is hoe hulle in die wêreld beland het – ja, dit is so, die volle impak van die oordeel moet nog geïmplementeer word – maar dit is bloot ‘n kwessie van tyd, en dit sal afgehandel word met die Seun se tweede koms. Maar die doel met die Here Jesus se menswording, d.w.s. Sy eerste koms, is nie om te kom veroordeel nie, want die wêreld is reeds veroordeel – in Gen 3 al. Nee, die doel is om verlossing ‘n realiteit te maak, om ‘n weg te skep om wel die ewige lewe te mag ontvang. Nou kan ons begin verstaan dat dit juis ‘n besondere liefdesdaad van die Vader was om Sy unieke Seun te stuur – want daar is ‘n hoë doel mee: Hy moet verlossing kom bewerk wat kan lei tot die ewige lewe.

Nou kan ons verstaan dat dit nie teenstrydig is om die gelowiges te waarsku om nie die wêreld lief te hê nie, terwyl God wel die wêreld liefhet. Die doel van God se liefde vir die wêreld is juis om die weg te berei sodat gelowiges verlos kan word van ‘n liefde vir die boosheid in die wêreld.

Maar wie is dit wat voordeel trek uit hierdie liefdesdaad van die Vader? Wie het deel aan die verlossing en die ewige lewe wat die menswording van die Seun tot gevolg gehad het? Vers 16 sê dit is elkeen wat in die Here Jesus glo wat nie verlore sal gaan nie, maar wat die ewige lewe sal ontvang. Dit klop tog met dele soos Rom 3:22 “Hierdie geregtigheid gee God <u>deur die geloof</u> in Jesus Christus aan almal wat glo” of Ef 2:8 “Want uit genade is julle verlos, <u>deur geloof</u>”.

Maar bots dit nie met Joh 3:17b nie: “...maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word”. Hier word pertinent gesê die Seun verlos die wêreld, en vroeër het ons gesê “wêreld” beteken die sondegevalle mensdom wat in opstand teen God is. As ons lees dat “die wêreld” deur Jesus verlos

word, beteken dit nie dat dit nie beperk is tot net die gelowiges nie? Beteken dit nie dat elke mens wat deel van die mensdom is, verlos gaan word nie? So 'n interpretasie sal bots met vers 16 wat leer dat dit net die is wat glo wat verlos gaan word. Ons moet onder die term "wêreld" in vers 17 nie verstaan ieder en elke mens sonder uitsondering nie, nee, ons moet eerder verstaan mense sonder enige onderskeid, m.a.w. daar sal mense wees wat voordeel trek uit die werk van die Here Jesus van alle vlakke van die samelewing – van alle volke, stamme, tale en rasse, mans en vrouens, jonk en oud – maak nie saak aan watter groepering van mense jy dink nie, daar sal mense uit elke groepering wees wat voordeel trek uit Sy werk. Onthou die gesprek met Nikodemus: Die Here Jesus het dit baie duidelik gemaak dat Nikodemus op daardie stadium nog nie voordeel getrek het uit die Here Jesus se menswording nie, hy was nog buite die koninkryk van God. Die Here Jesus het juis geleer daar is spesifieke voorwaardes waaraan voldoen moet word om voordeel te kan trek uit die werk van die Here Jesus – iemand moet weergebore wees, uit water en Gees gebore word. As ons lees "die wêreld word deur Hom verlos", moet ons nie daaronder verstaan letterlik elke mens nie, ons moet eerder verstaan mense van allerlei agtergronde en groepe – maar van watter groep hulle ookal is – hulle moet weergebore wees uit water en die Gees. Onthou, sonder die menswording van die Here Jesus was die hele wêreld dood in hulle sonde. Met die menswording van die Here Jesus het daar verlossing na die wêreld gekom. Onthou, alle gelowiges, selfs die dissipels, was eers in die wêreld, en op 'n stadium is hulle uit die wêreld verlos. Alle mense wat verlos word deur hulle geloof, word uit die wêreld verlos – daarom kan vers 17 met reg sê die wêreld word verlos – dit is mense wat deel was van die wêreld wat verlos word deur geloof in die Seun.

Lees Joh 3:18. Ek glo vers 18 onderstreep wat ons tot nou toe gesê het. Hier is dit duidelik dat daar twee groepe mense is: die wat glo en die wat nie glo nie. Die wat glo, word nie veroordeel nie. Daarteenoor, die wat nie glo nie, staan reeds veroordeel. Sien jy die punt? Sedert Gen 3 is alle mense reeds veroordeel. As die Here Jesus nie mens geword het nie, sou die situasie onveranderd gebly het – alle mense sou steeds veroordeel gestaan het. Maar gedring deur die liefde van die Vader het Sy unieke Seun wel mens geword, en die gevolg is dat die mense wat in Hom glo, is nou nie meer veroordeel nie – want die Here Jesus het hulle oordeel in hulle plek gedra aan die kruis. Maar die mense wat nie in Hom glo nie, hulle was in elk geval al veroordeel, en hulle situasie bly dieselfde – hulle is steeds veroordeel. Dit is in lyn met vers 17 wat gesê het die Seun het nie gekom om te veroordeel nie. Nee, wat Sy menswording bewerk het, is dat Hy die veroordeling van die wat in Hom glo, self gedra het. Maar die ongelowiges bly veroordeel, soos wat hulle was selfs al sou die Seun nie mens geword het nie.

<u>Hoekom is God se onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges regverdig? (Joh 3:19-21)</u>

Lees Joh 3:19-21. Vers 19 begin met die stelling: "En dit is die oordeel:" Ons het nou gesien dat daar 'n verskil is tussen die mense wat glo en die wat nie glo nie. Die Here Jesus het die veroordeling oor die gelowiges gedra, maar die veroordeling oor die ongelowiges het onveranderd gebly. Maar nou kan jy vra: Hoe gebeur dit? Hoe oordeel die Here om te besluit wie is in watter groep? Ja, ons weet dat die verskil tussen die twee groepe is dat die een groep glo, en die ander groep nie. Maar hoekom is geloof 'n regverdige maatstaf waarvolgens God besluit wie se veroordeling Sy Seun sal dra, en wie steeds sy veroordeling self moet dra? Dit is die antwoord op hierdie vraag wat gegee word na die stelling in vers 19: "En dit is die oordeel" – hierna volg die verduideliking hoekom geloof so belangrik is.

Vers 19 gaan voort en sê: "Die lig het in die wêreld gekom". Lees Joh 1:4-5. Hieruit is dit duidelik dat die Here Jesus die lig is. Die lig wat na die wêreld gekom het, is natuurlik 'n beskrywing van Sy menswording. Onthou, voor Sy menswording was die ganse wêreld donker, vasgevang in hulle doodsheid weens die sonde – soos wat destyds waar was van die fisiese skepping nadat God alles

gemaak het – maar toe het God lig geskep in die donker wêreld. Netso hier, die mensdom was vasgevang in die donker van hulle sonde – maar toe bring God lig deurdat Hy Sy unieke Seun stuur.

Daar is een van twee moontlike reaksies op die koms van die lig: jy kan of die lig haat, of jy kan die lig liefhê. Die twee reaksies word nou in meer detail beskryf:

- Ons kyk eerstens na die mense wat die lig haat (verse 19-20): Hierdie mense het nie van die lig gehou nie, nee, hulle het eerder die duisternis liefgehad as die lig. En dan word aan ons die rede gegee hoekom hulle eerder die duisternis liefgehad het: want hulle dade was boos en sleg. Die probleem wat hulle met die lig het, is dat dit hulle bose dade aan die kaak stel, en gevolglik word hulle ontbloot in die lig. In die lig word dit duidelik dat hulle sleg is, soos hulle dade. Die groot tragedie is dat hulle verkies om sleg te wees en sleg te bly, en om nie te reageer op die konfrontasie deur die lig oor hulle bose dade nie. Hulle verkies om in die duisternis te bly – selfs al is die lig aan die skyn, selfs al kan hulle in die lig wandel. Ons mag nou wil redeneer: Dit is vreemd – dit kan tog nie waar wees dat iemand sal verkies om in die duisternis te bly selfs al is die opsie om in die lig te wees, beskikbaar nie. Kan ek jou herinner aan Adam en Eva: hulle was in die paradys waar hulle op 'n besondere wyse met God gemeenskap gehad het – hulle was in die lig. Maar toe die duiwel aan hulle die keuse gee, het hulle besluit om die lig prys te gee. En wat hulle gemotiveer het, was die valse hoop om soos God te wees. Selfs onder ideale omstandighede, kies die mens eerder teen die lig wat vir hom gegee is, en so eindig hy in die duister. As die mens nie die lig gekies het terwyl hy in die lig was nie, hoekom sal hy nou kies om uit die donker na die lig te kom? Sedertdien het sy bose dade net al hoe meer en erger geword – en die lig gaan dit aan die kaak stel. Hierdie mense is nie lus daarvoor nie – hulle wil eerder in die duisternis bly. Kom ons dink aan 'n praktiese voorbeeld: Die Here sê: Alles wat die mens besit het Hy aan hom gegee, die mens is bloot die rentmeester. Boonop sê die Here die mens moet 'n deel van wat hy ontvang het, gebruik vir die Here en Sy werk. Die mens in die duisternis redeneer egter anders: hy voel hy het daarvoor gewerk, dit is syne – hy is in beheer, as't ware redeneer hy hy is god oor sy besittings, en hy wil in beheer bly. Daarom kies hy vir sy besittings, teen die voorskrifte van die Here. Hy verkies om in die duister te bly. Hy verkies om nie na die lig te kom wat gaan blootstel dat hy meer besorg is oor sy besittings as oor die lig nie. Die oordeel van die Here oor hierdie mense is: Al was hulle alreeds in die duister, het Hy aan hulle die lig gebied, toe die lig na die wêreld gekom het. Maar hierdie mense het die duisternis verkies. Daarom laat die Here hulle in die duisternis, soos hulle dit wil hê. Die gevolg is egter hulle bly onder die veroordeling van die Here – die koms van die unieke Seun van God verander niks aan hulle veroordeling nie.
- Maar daar is 'n tweede groep mense – hulle word in vers 21 beskryf: Hierdie mense leef volgens die waarheid. Watter waarheid is dit? Dit is die waarheid wat God geopenbaar het. Hulle leef volgens die openbaring van die Here, hulle leef volgens die wil van die Here. Verseker is dit die wil van die Here dat hierdie mense na die lig moet kom – wel, ten diepste wil die Here dat alle mense na die lig moet kom. Maar hierdie mense wil doen wat die Here wil – daarom kom hulle na die lig toe. As ons weer terugkeer na ons voorbeeld van vroeër: Hierdie mense aanvaar die waarheid dat alles wat hulle het, het hulle van die Here ontvang. Hulle wil doen wat die Here wil – daarom as Hy wil dat hulle 'n deel daarvan moet gebruik vir Hom en Sy werk, dan doen hulle dit. Hulle het geen probleem daarmee dat die lig op hulle werke skyn nie – immers is hulle werke sodanig dat dit die toets van die lig kan deurstaan. Maar let nou mooi op wat vers 21 sê: Hierdie mense kom nie net na die lig toe nie, nee, hulle kom na die lig toe met 'n doel: Die doel is sodat hulle dade bekend kan word, sodat die lig op hulle werke kan skyn. Let op die verskil met die mense wat in die duisternis bly – hulle wil

juis nie dat die lig op hulle werke skyn sodat die boosheid van hulle werke nie aan die kaak gestel word nie. Maar met die mense wat na die lig toe kom is dit anders: Hulle wil hê die lig moet op hulle werke skyn, hulle wil hê hulle dade moet bekend word. Nou kan jy dink: dit klink vreemd: Mense van die lig wil hê hulle dade moet aan die lig blootgestel word sodat dit gesien kan word – dit klink asof hulle wil spog oor hulle goeie dade, so al asof hulle daardie mense met die bose dade wil verkleineer, so al asof hulle daarmee te kenne wil gee hoeveel beter hulle is as daardie mense. Maar lees mooi hoe vers 21 afsluit: Wat hulle wil hê bekend moet word, is dat hulle dade in God gedoen is – die NIV vertaal dit met "through God".

Kom ons dink oor die betekenis hiervan. Onthou, laasweek het ons gesien die Here Jesus het vir Nikodemus gesê die voorwaarde om deel te kan word van die koninkryk van God is om weergebore te wees uit water en Gees. Die mense van die lig is tog sekerlik die mense wat deel is van God se koninkryk. Dit is dus die mense wat weergebore is uit water en die Gees wat wil hê dat hulle dade bekend gemaak moet word. Onthou, laasweek het Nikodemus vir die Here Jesus gevra: Hoe gebeur dit? Hoe gebeur dit dat iemand weergebore word uit water en die Gees. En die Here Jesus het aangedui dit gebeur deur die werk van die Here Jesus wat hierdie mense regverdig maak deur Sy lyding aan die kruis, en dit gebeur deur die werk van die Heilige Gees wat aan hierdie mense nuwe harte gee, en wat in hierdie nuwe harte woon en sorg dat hulle doen wat die Here wil hê hulle moet doen. En dit is die kardinaal belangrike punt: Die feit dat iemand weergebore is uit water en Gees, is die resultaat van die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees. Die feit dat iemand na die lig toe kom, is die resultaat van die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees. Die feit dat iemand wat na die lig toe kom, wil hê dat hulle dade bekend moet word, is omdat hulle wil hê dit moet bekend word dat:

- Hulle kom na die lig toe, want dit is die Heilige Gees wat hulle na die lig toe bring. Dit is die Heilige Gees wat die geloof in hulle harte werk.
- Hulle wil hê die lig moet op hulle dade skyn, want hulle wil hê dit moet bekend word dat die Here Jesus vir elke daad wat nie perfek was nie, versoening gedoen het.
- Hulle wil hê die lig moet op hulle dade skyn, want hulle wil hê dit moet bekend word hulle word gedring deur die Heilige Gees wat in hulle woon om te doen wat die Here wil.

Hierdie mense wat na die lig toe kom, wil allermins loop en spog met hulle eie prestasies, hulle wil nie die mense in die duister verneder nie, hulle wil nie bewys hulle is beter as die mense wat in die duisternis is nie. Nee, wat hulle wil hê, is dat dit duidelik word dat hulle radikaal verander is deur die werk van die Here Jesus en die Heilige Gees, wat hulle wil hê vertoon moet word is die werk wat die Here Jesus en die Heilige Gees in hulle gedoen het, wat hulle wil hê vertoon moet word is dat hulle hierdie goeie dade doen "in God" – d.w.s. deur die werk van God in hulle. Ten diepste: hulle is die resultaat van God se werk – en dit is God se werk wat bekend moet word vir almal om te sien, sodat Hy geëer sal word, soos wat Hy waardig is.

En die onderskeid tussen hierdie mense van die lig en die mense van die duister, is dat die mense van die lig geloof het in hulle nuwe harte. Dit is nuwe harte wat die Heilige Gees gewerk het. Dit is geloof wat die Heilige Gees gewerk het. Dit is geloof in die Here Jesus se werk wat Hy gedoen het na Sy menswording. Dit is geloof wat vasgryp aan Hom om namens hulle hulle veroordeling te dra. Dit is geloof wat aan die Heilige Gees vasgryp dat Hy hulle sal verander sodat hulle dade die toets van die lig kan deurstaan. Daarom is geloof 'n geldige manier om onderskeid te maak tussen die kinders van die lig en die kinders van die duisternis.

Afsluiting

Verstaan jy hoekom die Here Jesus Hom nie toevertrou het aan die mense wat aan die einde van hoofstuk 2 net in Hom geglo het op grond van Sy tekens nie? Verstaan jy hoekom die Here Jesus met Nikodemus gewerk het omdat hy ook net gefassineer was deur die tekens? Want die Here Jesus doen soveel meer as tekens. Ja, Hy kan wonderbaarlik genees, ja, Hy kan water in wyn verander. Maar Hy doen soveel meer. Die Vader het Hom in liefde na die sondegevalle wêreld gestuur. Hier het Hy aan die kruis gesterf, maar ook opgestaan, en toe het Hy Sy Gees gestuur. En in die proses het Hy verlossing bewerk vir sekere mense wat reeds veroordeel was. Hy gee aan hulle nuwe harte, Hy neem hulle sondeskuld weg, Hy maak hulle gehoorsaam – en dan kan Sy lig op hulle skyn, en hulle vertoon dat hierdie verandering nie hulle eie prestasie is nie – nee, dit is die werk van die Seun en die Gees: Hulle kan mense verander, nie net gesond maak nie, maar verander – so verander dat hulle vertoon wil word, want hulle vertoon Sy werk. Dit is die doel van die menswording! Dit is die resultaat van God die Vader se liefde! En as ons kinders van die lig is, dan is dit wat ons lewens moet reflekteer! Sekerlik is dit in hierdie lewe nog gebrekkig. Maar dit moet voortdurend toeneem. En eendag moet ons dit perfek reflekteer – immers is ons Sy beeld.